

## 26 Februarie - DEEL

**Skrifgedeelte: Psalm 16 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 16:5**

**O**mstandighede lyk dikwels vir ons na onstuitbare magte wat ons in noutes inforseer. Ons lewe word ingekort deur die werklikhede van werksverlies en konflik en verval van die samelewing. Hierdie “lot” wat aan ons toegedeel is, maak ons dan ook benoud en ontevrede en vreugdeloos.

In Psalm 16 sing Dawid, in teëstelling met hierdie gevoel, oor die lewensruimte wat God aan sy volk gee. En hy bely die lewensruimte nie in ’n tyd van persoonlike voorspoed nie, maar terwyl hyself ook onder druk verkeer het. Wanneer hy praat oor die HERE as die deel van sy erfenis en sy beker en sy lot, en die meetsnoere wat vir hom in lieflike plekke geval het, sê hy dit teen die agtergrond van die intog en verdeling van Kanaän. Soos die erfdeel van die stamme aangedui is deur die werp van die lot, so is sy deel, sy lot, die HERE. Soos die Leviete ontvang hy die HERE en diens aan Hom as erfdeel.

In Christus is die HERE ook ons deel en ons beker. Ons het deel gekry aan al die skatte en gawes wat behoort aan die Seun. Dit beteken dat omstandighede ons nooit so in ’n hoek kan dryf dat ons van God vervreem raak nie.

Niks ontnem ons van ons deel nie. Daar is nie ’n blinde noodlot wat ons vasdruk en wurg nie, want die HERE beskik oor my lewe en my deel. Ons raak ook nie soos die volk uit ons deel, deur ons skuld en vermenging met die heidendom nie, want Hy onderhou my lot.

Ja, die meetsnoer het ook vir my in lieflike plekke geval. My (erf)deel is vir my mooi!

*Sing: Psalm 73:11 (1936-beryming)*

*Ds BC Smit (Pretoria-Meintjeskop)*